SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 20 JUNIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS. Echolinkgebruikers word uitgenooi om die bulletin op hul plaaslike herhalers te herlei.

Kommentaar of voorstelle oor die Echolinkdiens sal waardeer word en kan per e-pos gestuur word aan zs6fcs@telkomsa.net.

STIL SLEUTEL

Raphael Schauder, ZS2SP, is op Maandag 14 Junie na 'n kort siekbed in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Hy was tot kort voor sy oorlye nog aktief met die stokperdjie. Raphey was vir baie jare 'n lid van die Liga, die Port Elizabeth-tak en daarna van die PE Amateurradiovereniging. Ons innige vertroosting aan sy seun Colin (in die VSA) en familie, Anne, David en Daniel, ander familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

AMSATCON2004 IN DURBAN

VOLGENDE INTEGNET FOKUS OP DIE ECHOSATELLIET

SARL LOODS SY RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE-PROGRAM

HAMNET SE VOORKEURFREKWENSIES

PEARS SE BHF DIGITALE EN MIKROGOLFKOMPETISIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Ongelukkig moet party items weens die lengte van hierdie bulletin tot volgende week oorstaan.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

SA AMSAT GAAN AMSATCON2004 IN DURBAN HOU

SA AMSAT rig 'n uitnodiging vir lesings by die AMSATCON2004 wat op Saterdag 24 Julie by die Universiteit van KwaZulu-Natal gehou gaan word. Voorstelle vir lesings in die vorm van 'n kort opsomming moet die organiseerders van die konferensie teen 23 Junie bereik. Voorleggings moet per e-pos gestuur word aan saamsat@intekom.co.za.

Registrasie vir die eendagkonferensie is R50 vir lede van SA AMSAT of die SARL. Die fooi vir studente is R35 en vir nie-lede R100. 'n Volledige program en registrasievorms sal teen 25 Junie beskikbaar wees.

VOLGENDE INTEGNET FOKUS OP DIE ECHOSATELLIET

Die volgende Integnet sal op Sondag 27 Junie om 20:00 aangebied word. Die onderwerp sal gaan oor die Echosatelliet wat 'n paar dae na die net gelanseer sal word. Die gasspreker sal Rick Hambly (W2GPS), die projekbestuurder vir Echo, wees.

Hierdie sal 'n bespreking met 'n verskil wees aangesien luisteraars 'n "powerpoin" aanbieding voor die uitsending sal kan aflaai.

Luister na Amateur Radio Mirror later vandag vir meer besonderhede of na volgende week se SARL-bulletin.

Klubs wat hul herhalers aan die net wil koppel moet 'n e-pos stuur aan armi@sarl.org.za met vermelding van die tefoonnommer wat gekoppel moet word asook die herhalerfrekwensie en dekkingsgebied. Die uitsending kan ook per Echolink gehoor word. Ongelukkig kan selfone en voorafbetaalde telefone nie gekoppel word nie.

SARL LOODS SY RADIOTEGNOLOGIE-IN-AKSIE PROGRAM OP 21 AUGUSTUS

Die Suid-Afrikaanse Radioliga sal sy program Radiotegnologie-In-Aksie met 'n groot Amateurfees by die Nasionale AmateurRadioSentrum in Gauteng op 21 Augustus loods.

Toe hy die aankondiging gemaak het, het die SARL se President Graham Hartlett, ZS6GJH, gesê dat die doel van die program as volg is:

. Om amateurradio as 'n breëspektrumaktiwiteit te vertoon om nuwe belangstelling by radioamateurs te verwek en by kortgolfluisteraars en elektroniese stokperdjiebeoefenaars te fokus op die feit dat amateurradio soveel meer kan bied.

. Om 'n bewustheid te kweek van die waarde van amateurradio as 'n opvoedkundige tydverdryf vir die jongmense en as 'n ideale aktiwiteit vir afgetredenes.

. Om 'n bewustheid te kweek van die waarde van amateurradio as opvoedkundige gereedskap en as 'n instrument om 'n kultuur van tegnologie onder die jongmense te ontwikkel.

. Om 'n bewustheid van amateurradio in die klaskamer te skep as 'n motiveerder vir jongmense om 'n loopbaan in elektronika en kommunikasie te skep.

. Om die lidmaatskap van die SARL te laat toeneem.

Hy het gesê dat na afloop van die amateurfees die Radiotegnologie-in-Aksie-program gereelde lesings oor ontwikkeling in amateurradio en verwante tegnologië sal aanbied.

Met meer oor die amateurfees van 21 Augustus, het hy gesê dat die lesingsprogram in drie strome aangebied sal word wat onderskeidelik op tegnologie, amateurradio in aksie en amateurradio in opvoeding sal fokus. Die tegnologiestroom sal fokus op digitale, satelliet- en swakseinkommunikasie. Die doel van die Amateurradio-in-Aksiestroom is om DX-werking, kompetisiewerking en algemene bedryfspraktyk te belig. Die derde stroom sal 'n werkswinkel wees oor hoe om amateurradio in Suid-Afrika na die jeug te neem.

Bo en behalwe die lesingsprogram sal daar uitstallings, demonstrasies, op die lug aktiwiteite en 'n vlooimark wees.

Die SARL rig 'n uitnodiging vir lesings wat in die drie strome aangebied kan word. Stuur 'n kort opsomming aan RTA@sarl.org.za voor 27 Junie. Daarna sal die volledige lesingsprogram aangekondig word.

"Luister weekliks na SARLnuus en Amateur Radio Mirror International vir opdaterings en onderhoude oor hierdie opwindende program", het Graham gesê. Besoek ook dikwels die webtuiste van die SARL nl. www.sarl.org.za.

(Nota aan bulletinlesers: 'n kort insetsel in spraak is op die SARL se webblad beskikbaar vir insluiting in die bulletin.)

SARL SE GESKIEDENIS NAGEVORS

Tjerk Lammers ZS6P, die SARL se Toekenningsbestuurder is besig om die vroeë geskiedenis van die Liga na te vors en benodig inligting rakende die stigting, sluiting gedurende die tweede wêreldoorlog en die vroeë jare daarna. Indien u enige literatuur het of u hom van leidrade kan voorsien sal Tjerk graag van u wil hoor. U kan hom kontak te zs6p@iafrica.com of te (012) 809-0006 tuis of (012) 379-4251 by die werk

HAMNET SE VOORKEURFREKWENSIES

Francois Botha, ZS6BUU, het gesê dat dit weereens onder sy aandag gebring is dat die frekwensies wat op 'n gereelde basis deur HAMNET gebruik word nie dikwels genoeg bekend gemaak word nie. Voordat dit tot onaangenaamheid lei, word die voorkeurfrekwensies wat gereeld deur HAMNET gebruik word hier onder weergegee:

Somer: Elke middag om 18:00 in die 40 meterband op 7,070 MHz behalwe op 'n Sondag wanneer die Weerwagnetwerk onmiddelik na die HAMNET-bulletin om 17:00 volg.

Winter: Elke middag om 18:00 op 3,695 of 3,690 of 3,685 MHz afhangende van die deurbraak wat ons van die AM musiekfrekwensie op 3,700 MHz ondervind. Dieselfde geld vir Sondae. Die Weerwag volg onmiddelik na die HAMNET-bulletin om 16:30.

Ons is gevra om gereeld melding te maak van hierdie frekwensies as gevolg van die feit dat ons maar almal geneig is om te vergeet dat HAMNET gereeld op die bogenoemde frekwensies byeenkom.

Laat ek dit weer pertinent stel, HAMNET het nie die reg om enigiemand van sy gekose frekwensies af te jaag nie aangesien ons nie 'n noodsituasie hanteer nie. Ons vra net dat gesprekke kort gehou word en dat 'n redelike pouse gelaat word voordat die volgende persoon aan die word kom.

QSL-KAARTPAKKER.

Ons is jammer om aan te kondig dat na vele jare van toewyding, o.k. Rae, ZS6RAE, as QSL-kaartpakker bedank het. Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir Rae te bedank vir the werk wat hy oor die jare vir ons gedoen het.

Die NARS het dus 'n vakature vir iemand wat gewillig is om eenmaal 'n maand in te kom en kaarte af te haal vir verpakking. Indien u beskikbaar is om die pos te vul, skakel asseblief vir Vee by die kantoor by 675-2393 om u bereidwilligheid aan te meld.

PEARS SE BHF DIGITALE EN MIKROGOLFKOMPETISIE

Die jaarlikse BHF digitale en mikrogolfkompetisie sal oor die naweek van 2-4 Julie plaasvind. Kompetisiereëls kan van die SARL se webblad en in die jongste elektroniese uitgawe van Radio ZS verkry word.

Daar is hierdie jaar 'n aantal wysigings aan die reëls: die kompetisie sal in die vorm van onafhanklike sessies wees, vanaf 18:00 Vrydag tot 18:00 Saterdag en vanaf 18:00 Saterdag tot 18:00 Sondag. Operateurs mag dieselfde stasies in elke afdeling van die kompetisie kontak. Daar is ook 'n swerwerskategorie, en 'n aard-maan-aard-kategorie vir die waaghalsiges.

Gedurende die afgelope jaar was daar baie belangstelling in BHF digitale bedryf en goeie deelnamevlakke word verwag.

Verlede jaar was daar slegs een deelnemer in die mikrogolfafdeling, hopelik sal daar hierdie jaar meer wees.

Vir meer inligting aangaande die kompetisie besoek die PEARS-webblad by www.qsl.net/zs2pe of e-pos Barry Murrell, ZR2DX, met adres zr2dx@mweb.co.za.

TNT/MRK 40ste VERJAARSDAG 23 JUNIE

Op 23 Junie is dit die 40ste verjaarsdag van Tak Noord-Transvaal, nou Magalies Radioamateurklub. Daar is besluit dat die werklike viering sal saamval met die klub se AJV in September weens die huidige koue weer. Met 'n terugblik oor

die afgelope 40 jaar kan ons met groot dankbaarheid en trots aan ons lede dink wat die die tak en klub so getrou gedien en ondersteun het. Mag die toekoms net so baie voorspoed inhou en amateurradio groot hoogtes bereik.

MEGAVLOOIMARK IN PRETORIA

Die volgende Megavlooimark in Pretoria vind op 26 Junie by die Pretoria Amateurradioklub, op die hoek van Universiteit- en Lynnwoodweg, plaas. Die aanvangstyd is 09:30 en verkopers word versoek om nie vroeer as 08:30 op te daag nie. Daar sal soos gebruiklik heelwat te ete en te drinke aangebied word. Persone wat meer inligting verlang of wat 'n tafel wil bespreek kan Almero, ZR6RY by 012 567 3722, of 082 908 3359 skakel.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat voortplantingstoestande weereens gedurende die afgelope week maar swak was. Die sonvlekgetal het op die 11de Junie begin styg en aanhou styg tot en met hierdie verslag. Dit was Donderdag 62,3 teenoor die baie lae 31,6 van verlede week Daar was ook geen noemenswaardige koronaopeninge op die sonoppervlak nie. Vanaf die 17de Junie mag toestande aktief word as gevolg van die verwagte invloei van koronamassa na die aarde. Toestande in die noord-suid rigting mag beter wees as na die Ooste. Goeie openinge mag op onverwagte tye voorkom.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

23 Junie: Stuur voorstelle vir lesings by AMSATCON2004; 26 Junie: Megavlooimark in Pretoria; 27 Junie: Die President se net; 27 Junie: Integnet; 27 Junie: Stuur voorstelle vir lesings by Radiotegnologie-in-aksie; 30 Junie: Bespreek vir stoomtreinrit na die Koster Mampoerfees op 5 September; 2-3 Julie: PEARS se Digitale en Mikrogolfkompetisie; 24 Julie: AMSATCON2004, Durban; 21 Augustus: Radiotegnologie-in-Aksie en vlooimark by die NARS; 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; Betaal SARL-lidmaatskapgeld; Maak 'n bydrae tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za; Gesiggestremde amateurs kontak Dave, ZS1LDH, by 021-761-8386 of e-pos Dave, per adres die Kaapstad Amateurradiosentrum, na zs1ct@qsl.net indien u Radio ZS op band wil ontvang. Stuur SARL-geskiedenis per e-pos na zs6p@iafrica.com.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE„ en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX